# WIETA NUUSBRIEF

NOVEMBER 2014

## VOORWOORD

## HOOF UITVOERENDE BESTUURDER LINDA LIPPARONI

Dit was 'n jaar van bestendige groei, met die meeste kelders wat hul produsente bygestaan het om etiese kodes en goeie arbeidspraktyke te aanvaar. Ons het in die afgelope tien maande meer as 400 oudits onderneem, teenoor 280 oudits in 2013 en slegs 78 oudits in 2012.

WIETA moedig produsente aan om oudits nie net as 'n wetlike vereiste vir die wynuitvoermark te beskou nie, maar as 'n geleentheid om voortdurend te wys dat die bedryf onwrikbaar verbind is tot beter werks- en leefomstandighede vir die baie mans en vroue wat in die wingerde werk.

Ons sal ons ondersteuning vir produsente en plaaswerkers voortsit deur middel van opleiding, vermoëbou, advies en tegniese verwysings waar ons ook al kan.

In hierdie nuusbrief werp ons lig op van die kwessies wat in groter bedryfsforums na vore gekom het, en doen verslag oor meer algemene vordering met etiese wynhandel.

**Groete in etiese handel**
**Linda Lipparoni**

**' WIETA moedig produsente aan ... voortdurend te wys dat die bedryf onwrikbaar verbind is tot beter werks- en leefomstandighede vir die baie mans en vroue wat in die wingerde werk. '**

wieta
agricultural ethical trade initiative (sa)

# INTERNASIONALE SKAKELING

**"Die invoerders was entoesiasties om uit te vind hoeveel vordering hul verskaffingskettings met deelname aan die WIETA-proses gemaak het."**

Systembolaget het WIETA-voorsitter Mzukisi Mooi, raadslid Wendy Pekeur en uitvoerende hoof Linda Lipparoni genooi om 'n vergadering van Sweedse wyninvoerders in Stockholm by te woon. Die vergadering is deur meer as 70 wyninvoerders, die bestuur van Systembolaget sowel as die WOSA-verteenwoordiger vir Skandinawiese lande, Maya Bertus, bygewoon. Die invoerders was entoesiasties om uit te vind hoeveel vordering hul verskaffingskettings met deelname aan die WIETA-proses gemaak het, en daar was heelwat opvolgversoeke vir meer inligting oor verskaffingskettingoudits en sertifiseringstatus na die vergadering.

Systembolaget het ook 'n samespreking met verskeie wyninvoerders, Sweedse nie-regeringsorganisasies en vakbondgroepe, die bestuur van Systembolaget, Maya Bertus en WIETA gereël, waar 'n paar kernkwessies oor die hantering van moontlike struikelblokke en hindernisse vir etiese handel in die Suid-Arikaanse wynbedryf bespreek is. Deelnemers was baie ondersteunend teenoor die bedryf se pogings om etiese handel proaktief te bestuur. Tog het heelparty deelnemers hul kommer uitgespreek dat Systembolaget nie genoeg doen om pogings te ondersteun en maatskappye te erken wat goeie vordering maak nie.

Die uitvoerende hoof het daarna 'n middagete in Amsterdam bygewoon wat deur die WOSA-verteenwoordiger Sara Chanell gereël en deur 18 vroueverteenwoordigers van wynkleinhandelaars en -aankopersverenigings bygewoon is.

Ons het ook die geleentheid gehad om met die senior bestuur van Ahold, naamlik Jacqueline Snoeker (direkteur van verkryging), Bert Matla (bestuurder van Europese grootmaatverkryging) en Hans Bootsma (aankoper vir Suid-Afrika, Noord-Amerika, Nieu-Seeland, Australië en Oos-Frankryk), te ontmoet.

Die ontmoeting het baie goed verloop. Ahold, wat onder meer die kleinhandelaar Albert Heijn en die alkoholverkoopsafdeling van Gall & Gall insluit, besit tans 33% van die kleinhandelsaandeel in Nederland. Daar is 900 Albert Heijn- en 550 Gall & Gall-winkels. Hulle is na raming verantwoordelik vir sowat 10% van alle wynverkope in die Nederlandse mark. Nederland koop na bewering meer wyn by die groot maat van Suid-Afrika as enige ander Europese mark, waarvan die meeste die land deur Duitsland binnekom.

Ahold is 'n lid van BSCI, 'n sakegedrewe etiesesertifiseringskema, en die Ahold-wynkoopkantoor poog om teen 2015 met al hul eie handelsmerkprodukte aan die BSCI-mikpunte te voldoen. Hulle hoop ook om hierdie teiken mettertyd na ander handelsmerke uit te brei.

Ons is versoek om ons kode met dié van BSCI te vergelyk, en is pas klaar daarmee.

WIETA is geloof vir sy aanvaarding van die GSCP, en aangemoedig om by die BSCI om erkenning aansoek te doen.

Hans en Bert het onderneem om met hul volgende besoek aan Suid-Afrika weer met WIETA te vergader, en was ook geesdriftig oor die moontlikheid om met 'n groter groep kernprodusente in die bedryf te ontmoet.

Hoewel Ahold die seël ondersteun, wou hulle weet hoe lank dit sou duur voordat die hele bedryf gesertifiseer sal wees. Dat slegs sommige WIETA-produkte tans 'n Billike Arbeid-seël dra, maar alle Ahold-produkte as eties gesertifiseer is, hou na hulle mening 'n moontlike risiko in, aangesien al hulle verbruikers reeds glo dat alle wyn wat deur Ahold bekom word, eties is.

Jacqueline reken dat die seël eers vir Ahold van waarde sal wees indien minstens 80% van alle Suid-Afrikaanse wyne daarvoor in aanmerking kom.

Tog was sy ten gunste van die moontlikheid om 'n Nederlandse webtuiste te skep om die seël-inisiatief beter te verduidelik.

Jacqueline het voorts onderneem om etiese wyne te ondersteun en het Sara versoek om die KVNW (Koninklijke Vereniging van Nederlandse Wijnhandelaren) te kontak om WIETA se werk en vordering te bespreek en invoerders aan te moedig om hul verskaffingskettings in Suid-Afrika te moniteer.

Die uitvoerende hoof het ook die Wines of the Beautiful South-geleentheid bygewoon, waar sy met aankopers van die Verenigde Koninkryk kon ontmoet. Daarbenewens het sy met ETI en Comic Relief vergader om te gesels oor die uitkoms van die diversiteitsbestuursopleiding wat Comic Relief gefinansier het, en om verdere finansierings-moontlikhede te verken.

# WIETA ONTVANG FINANSIERING VAN DIE WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU

WIETA het R1 miljoen van die Wes-Kaapse Departement van Landbou ontvang. Hierdie finansiering is aan die internasionale ouditerkenningsproses, GSCP, toegeken. Dit sal deels aangewend word om 'n meer doeltreffende ledeDatabasis in die WIETA-kantoor te ontwikkel. Tog is die meeste van die finansiering bestem vir die ontwikkeling van materiaal om produsente, werkers en kontrakteurs op te lei in: die konsep van etiese handel, arbeidskwessies, veiligheid in die werkplek, en die hantering van chemikalieë.

Ons het gebruikersvriendelike brosjures vir werkers ontwikkel, wat in Engels, Afrikaans en isiXhosa beskikbaar is.

Ons bied ook opleidingsessies oor gesondheid-en-veiligheid-sowel as arbeidskwessies vir plaaswerkers, kelderwerkers en kontrakteurs aan. Boonop is die opleidingsessies daarop toegespits om kontrakteurs met hul registrasie by Suid-Afrikaanse Inkomstediens ('SARS'), die Werkloosheids-versekeringsfonds ('WVF') en ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA') by te staan.

**Indien u daarin belang stel om aan die opleidingsprogram deel te neem, kontak Amelia gerus by amelia@wieta.org.za.**



# OUDIT VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD

## MENSWAARDIGE LOON

**Q: Waarom moet kelderwerkers die minimum loon betaal word indien hulle onder die Wet op Basiese Diensvoorwaardes val?**

**A:** **WIETA-kode 5 bepaal dat werkgewers daarna sal streef om werkers 'n menswaardige en bestaanbare loon te betaal**. Tans is daar geen bestaanbare loon vir die hele landbousektor vasgestel nie. Sektorale Vasstelling 13 van toepassing op plaaswerkers bepaal die minimum loon vir alle plaaswerkers per uur, per dag, per week en per maand. Raadpleeg die tabel hieronder vir die huidige minimum loon vir die tydperk tot en met 28 Februarie 2015.

| Minimum lone vir werknemers in die plaaswerkersektor: Minimum tarief vir die tydperk 1 Maart 2014 tot 28 Februarie 2015 | | | |
|---|---|---|---|
| **Maandeliks** | **Weekliks** | **Daagliks** | **Uurliks** |
| **R2420.41** | **R558.60** | **R111.72** | **R12.41** |

**WIETA beskou die minimum loon vir plaaswerkers ingevolge Sektorale Vasstelling 13 as die absolute minimum wat WIETA-lede hoër op in die waardeketting hul werkers behoort te betaal om as eties gesertifiseer te kan word.**

Vergoeding wat die minimum loon oorskry, word as 'n beter praktyk in die strewe na 'n bestaanbare loon beskou. Enige plaaswerkervergoeding onder die minimum loon word as nie-voldoening aan die WIETA-standaard beskou.

# ARBEIDS-KONTRAKTEURS

**Q: Waarom moet 'n arbeidskontrakteur by 'n oudit ingesluit word?**

**A:** Om etiesesertifisering van WIETA te verkry, moet produsente verantwoordelikheid vir alle aspekte op hul plase aanvaar, onder meer ook vir arbeidskontrakteurs wat arbeid aan die plaas voorsien. Produsente bly gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die kontrakteur se nakoming van die wet sowel as vir enige voorvalle op die plaas.

**Voldoeningsmoontlikhede:**

Produsente kan 'n arbeidskontrakteur by hul oudits insluit. OF

'n Arbeidskontrakteur kan vir lidmaatskap aansoek doen en in sy/haar eie kapasiteit 'n oudit ondergaan.

Arbeidskontrakteurs moet aan werkloosheids-versekeringswetgewing, die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes en die Wet op Vaardigheidsontwikkeling voldoen; hulle moet produsente voorsien van 'n vrystellingsertifikaat (IRP30) as bewys dat lone betaal is; hulle moet aan die WIETA-kode en wetsbepalings (registrasies, diensooreenkomste, ID-afskrifte, salarisstrokies, dissiplinêre kodes en prosedures) voldoen, en die produsent en kontrakteur moet 'n artikel 37-kontrakteursooreenkoms onderteken en in werking stel.

# MEDIESE TOETSE

**Q: Watter plaaswerkers moet mediese toetse ondergaan?**

**A:** Mediese ondersoeke en toetse word uitgevoer op werkers wat volgens die risikobepaling blootgestel is aan ergonomiese, biologiese, chemiese, sielkundige of fisiese risiko's wat wettige of aanvaarbare vlakke oorskry.

**Werkers wat in dié kategorie val:**
**Hanteerders van chemikalieë** – fisiese ondersoek, bloedtoets, oudiometriese gehoortoets;
**Hanteerders van chemikalieë in kelders** – fisiese ondersoek, longfunksietoets;
**Persone wat hoog bo die grond werk** – fisiese ondersoek, sielkundige toets;
**Vurkhyseroperateurs** – fisiese ondersoek, oogtoets (nie nodig vir houers van 'n geldige professionele bestuurspermit nie).

**Nie-voldoening**: Waar geen mediese verslag op die ouditdatum beskikbaar is nie of indien die mediese verslae as onvolledig beskou word.

**Waarnemings:** Mediese ondersoek is uitgevoer, maar nie korrek onderteken nie; toetse is deur 'n algemene praktisyn uitgevoer en nie deur 'n gesondheids-en-veiligheidspraktisyn nie; of die werkgewer beskik nie oor die uitslae van die gehoor -/oudiometriese toetse nie (die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid vereis dat die werkgewer hierdie toetsuitslae vir 40 jaar bewaar).

# TOETSING VAN DRUKTOERUSTING

**Q: Moet ek my kompressor/perspomp laat toets?**

**A:** Die Regulasies oor Druktoerusting wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Wet 185 van 1993) uitgevaardig is, vereis dat elke groot drukvat en stoomopwekker minstens elke **18 maande** deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid nagegaan word en elke klein drukvat en stoomopwekker minstens elke **36 maande** geïnspekteer word.

**Toetsing van druktoerusting bly 'n wetsvereiste, maar vir die doel van 'n etieseoudit sal die ouditeur die nie-toetsing van druktoerusting slegs as 'n waarneming aanteken. Nie-toetsing by kelders sal egter as nie-voldoening beskou word waar groter druktoerusting gebruik word.**

# PERSONEEL AANSTELLINGS

**Twee nuwe poste is gevul.**
**Die eerste, dié van standaarde- en sertifiserings-skoördineerder, word beklee deur Amelia Heyns. Amelia is 'n gekwalifiseerde prokureur en is verantwoordelik om die ouditproses te bestuur. Amelia kan by amelia@wieta.org.za bereik word.**

**Elmarie Sanders is aangestel in die pos van kantoor- en finansiesbeampte om met boekhouding en bystand by die bestuur van lede data te verleen. Elmarie kan by finance@wieta.org.za bereik word.**

# OUDIT VORDERING

**WIETA se ledetal het oor die afgelope tydperk tot 1 075 produsentelede aangegroei. In September het WIETA vier bewusmakingsessies vir 'n verdere 600 produsente van die Oranjerivierkelder in die Noord-Kaapse streke van Kakamas, Keimoes, Upington en Grootdrink aangebied. Vanaf 2015 sal Oranjerivierkelder van hul vernaamste uitvoerprodusente binne die bestek van 'n paar jaar deur die WIETA-proses neem.**

## 2014 STATISTIEK




**730**

**maatskappye is geouditeer;**

**385**

**maatskappye is gesertifiseer;**

**190**

**wyne is goedgekeur om die Billike Arbeid-seël te vertoon**

## GEAKKREDITEERDE WIETA-LIDMAATSKAPPYE PER STREEK




| | Nov 2013 | Nov 2014 |
|---|---|---|
| WIETA-LIDMAATSKAP | 776 | 1075 |
| LEDE GEOUDITEER | 347 | 730 |
| LEDE GEAKKREDITEER | 203 | 367 |
| GETAL PLASE GEAKKREDITEER | - | 343 |
| GETAL KELDERS GEAKKREDITEER | - | 9 |
| GETAL PLASE & KELDERS GEAKKREDITEER | - | 441 |

# WIETA GESERTIFISEERDE BILLIKE ARBEID-SEËL

Tans kom 187 wyne in aanmerking om die WIETA Gesertifiseerde Billike Arbeid-seël te vertoon. Wynprodusente wat kan bewys dat hul druiwe en wynproduksiepersele deur WIETA geouditeer en gesertifiseer is, word aangemoedig om vir die seël aansoek te doen. Slegs 60% van die wynprodusente op u WS- of WSB-wynaansoek by SAWIS hoef gesertifiseer te wees. Die res moes net 'n oudit ondergaan het.

**E-pos Andrea by admin@wieta.org.za vir die nodige aansoekvorms.**

## WYNE GOEDGEKEUR VIR SEËL




# OUDITVERMOË

WIETA het 15 ouditeurs, en 'n verdere tien word tans opgelei. Ons het oor die afgelope jaar meer as 400 oudits hanteer.

Indien u oor 'n kwalifikasie in arbeidsreg of beroepsgesondheid en -veiligheid beskik, in die wyn- en vrugtebedryf werk, en belang stel om as konsultant by ons ouditspan aan te sluit, skakel gerus met **Linda by linda@wieta.org.za** om meer oor ons ouditeursontwikkelingsprogram uit te vind.




## WIETA TENDERS

**Oor die afgelope twee maande het Alko, Vinmonopolet en Systembolaget tenders aangevra vir etiese WIETA-gesertifiseerde wyne. Handelsmerke soos Spier, KWV en Simonsig het sukses behaal. Baie geluk!**

**Dit word ook nou al hoe besiger in die kantoor met etlike aansoeke om WIETA-goedkeuring in verskillende wynkategorieë.**